94th Regiment, under Captain (now Major) Campbell, who also discharged the onerous, difficult and often unpleasant duties of Provost-marshall. . . . From Fort Royal, a fine distant view of the Lydenburg and Middelburg roads approaching Pretoria was to be had, a small Krupp gun commanding these approaches at long range . . .", p.20.

Verdere verwysings deur Du Val na Fort Royal is die volgende:

"A short walk brought me from the Camp to Fort Royal, and there I found Captain Campbell – his men hard at work improving their defences. *The men were cutting a trench,* and throwing up the spade-fulls of earth as only a Britisher can . . .", p.33.

Met die oog op die lokalisering van Fort Royal – met gebruikmaking van die gegewens oor dié fort in die werk van Du Val – is 'n verdere opmerking van Du Val van belang:

"Coming back (van sy besoek aan Fort Royal) *by a brick building standing equidistant between camp, Convent and Fort Royal* I found an advocate of the High Court superintending a biltong manufactory . . .", p.34.

Die "brick building" of biltongfabriek was dus ewe ver of op gelyke afstand van die Kamp, die Klooster (in Kockstraat – later Koch-, tans Bosmanstraat – tussen Visagie- en Skinnerstraat) en Fort Royal. Die vasstelling van die presiese ligging van die "brick building" sal dus lig kan werp op die ligging van Fort Royal. Op dié aspek het ondergetekende egter nie verder ingegaan nie.

In die tweede deel van Du Val se werk vind ons nog twee verdere verwysings na Fort Royal:

"On one occasion on returning to Camp from Fort Royal, where I had been enjoying the hospitality of the officer commanding. . ." p.84, en laastens: "I learned that the Boers had made a demonsration at its eastern approaches, that Captain Campbell at Fort Royal distinguished himself as an artillerist . . .", pp.106/7.

Uit hierdie laaste verwysing na Fort Royal in die boek van Du Val blyk dit dat daar omstreeks die tweede helfte van Januarie 1881 vanuit Fort Royal met die 4-ponder Kruppkanon in 'n oostelike rigting geskiet is.

In sommige van die 40 nommers van *News of the Camp* wat tydens die beleg van Pretoria deur Charles Du Val geredigeer en uitgegee is, sowel as in artikels wat hy in verskillende koerante gepubliseer het, kom ook verwysings na Fort Royal voor, maar vir die doel van hierdie relaas, het ondergetekende dit buite rekening gelaat.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Davey (tans prof. dr. A.M. Davey van die Universiteit van Kaapstad) is van mening dat die eggenoot van lady Bellairs, sir William Bellairs, wat 'n belangrike posisie tydens die beleg van Pretoria beklee het, in werklikheid die skrywer was van die werk wat in 1885 onder die naam van lady Bellairs verskyn het. Volgens hom bestaan daar geen getuienis dat sy destyds in Pretoria was nie. Die uitgawe van dié skaars werk wat deur ondergetekende geraadpleeg is, het in 1972 as 'n "Facsimile Reprint" by die firma C. Struik van Kaapstad verskyn. Die volgende verwysings na Fort Royal kom in Bellairs se werk voor:

a. "The *camp ground,* as it was called, *to the right and left of the Heidelberg Road, as it emerges from the South Poort* (die begin van die huidige Potgieterstraat) *was the military position,* commanding to some extent the town and its approaches to the east and west. The *military headquarter camp,* at the time we write of, *was 800 to 1000 yards to the left of the main road,* while *Fort Royal,* a redoubt thrown up in the early part of December, *lay about 400 yards to the right.* The jail and Loretto House – commonly called the Convent – occupied an intermediate position on the left of the road as it entered the town (d.w.s. die pad wat oor die huidige Stadsaalterrein in die rigting van die kruising van Visagie- en Marktstraat geloop het), p.99.

b. ". . . two covered forts of rough stone – one called *Fort Tully* (d.i. Fort Tullichewan) *to the east of the Poort* (d.w.s. Gevangenispoort waar die huidige Potgieterstraat begin) to command the approaches from that side, together with the stream which furnished the town and camp watersupply –and another, *Fort Commeline to the west side* . . . . utilised as signal-stations, in communication day and night by heliographs, flags, and flashing lamps, with the camp below . . . . a blockhouse was built on the eastern side of the Poort . . . *Fort Royal – below Fort Tully, and between it and the town, was about 1000 yards east of the Headquarter Camp and commanded the South Poort and east side of the town and Camp ground* . . . . Convent Redoubt – about 700 yards from the north-east corner of the Headquarter Camp . . . The *Headquarter Camp* forming an inner line of defence, *was below and to the north of Fort Commeline . . .*" pp. 113–115.

c. In 'n vertelling word verwys na 'n gebeurtenis op Mears se plaas (in die omgewing van die huidige Pretoriase Onderwyskollege) ten tye van die Elandsfontein-geveg: ". . . on the other side of the river (Apiesrivier) – a bullet through Mr Mears' hat, as he was standing in the verandah of his house . . . the Krupp 4-pounder guns from the fort opened fire for the first time during the investment and a shell from Fort Royal falling in their midst. . . .", p.156.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

d. *"Fort Royal,* for a company of infantry and a 4-pounder Krupp gun, *about 700 yards to the east of the camp, commanded the entrances to the town on that side* . . . Loretto House (Convent) and the civil jail – 680 yards to the north-east of the camp . . . .", p.456. Hierdie verwysing kom voor in 'n verslag wat kol. W. Bellairs, C.B., Commanding Transvaal District op 22.1.1881 aan die Deputy Adj. Genl. in Pietermaritzburg gestuur het. Vgl. pp.454–459 as onderdeel van Appendix G. pp. 447–459. Herdie is een van die bronne waarna Davey in sy M.A.-verhandeling verwys.

*iii H.E. Hall & F.R. Paver (Editors): Pretoria, the Administrative Capital of South Africa, 1910.*

a. ". . . British Occupation, 1877–1881, a period of expansion and progress . . . .*Pretoria was evacuated* (vier dae na Dingaansdag, 16.12.1880) *and a main camp formed on the foothills to the south of the town* . . . . The camp was fortified and protected by *two forts on the hills at the back and one near where Zasm House now stands* (manned by a company of the 94th Regiment who had arrived a few days before their main body were cut up at Bronhurst(sic) Spruit), with an outpost at Klapper Kop, where the big fort now stands. A blockhouse was built where Eloff's Cutting now is, and another near the cemetery. *A large fortified camp was also made by enclosing the old gaol and the Convent grounds and church,* and this was manned by 600 irregulars enlisted in town under Major Le Mesurier, R.E. with Captain R.K. Loveday, second in command. This camp was protected by two loopholed walls. . . In the *main camp* were D'Arcy's Horse and Nourse's Horse . . .", p.23.

**5. Opsomming van die inligting wat Du Val, Bellairs en Hall & Paver oor die ligging van Fort Royal verstrek.**

*i. Du Val*

a. "Fort Royal, a small bastion *in the open ground, commanding the 'poort' or entrance to Pretoria from the Potchefstroom Road",* Vol. I, p.286.

b. "On reaching *the ground* (at 1 a.m.) *at the right of Fort Royal* (d.w.s. aan sy westekant in die rigting van die militêre kamp) the shadowy forms of the Mounted Infantry and Carabineers already arrived, were visible drawn up in lines", Vol. I, p.286.

c. "About 300 yards to the south-east of the Convent Redoubt (geleë op die noordwestelike hoek van Visagie- en die huidige Bosmanstraat) and commanding the 'Poort' or entrance through the southern range of mountains. . . was placed a . . . bastion . . . known as Fort Royal . . .", Vol. II, p. 20.

d. "From Fort Royal, a fine distant view of the Lydenburg and Middelburg roads approaching Pretoria was to be had . . .", p.20.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

e. *"A short walk* brought me *from the Camp to Fort Royal . . .",* p.33.

f. ". . . a brick building standing equidistant between camp, Convent and Fort Royal . . . (used as) a biltong manufactory. . .", p.34.

g. "I learned that the Boers had made a demonstration at its eastern approaches that Captain Campbell at Fort Royal distinguished himself as an artillerist . . .", pp.106/7.

*ii Bellairs*

a. "The *camp ground . . . to the right and left of the Heidelberg Road, as it emerges from the South Poort,* was the military position, commanding to some extent the town and its approaches to the east and west. . .", p.99.

b. "The *military headquarter camp . . . was 800 to 1000 yards to the left* (d.w.s. aan die westekant) *of the main road"* (wat vanaf Potchefstroom en Heidelberg via Gevangenispoort die dorp binnegekom het), p.99.

c. *"Fort Royal,* a redoubt thrown up in the early part of December, *lay about 400 yards to the right* (of the main road) . . .", p.99.

d. *"Fort Royal – below Fort Tully* (sic = Tullichewan), "to the east of the Poort (Gevangenispoort), *and between it and the town, was about 1000 yards east of the Headquarter Camp and commanded the South Poort and east side of the town and Camp ground. . ."* p.114.

f. ". . . *Convent Redoubt – about 700 yards from the north-east corner of the Headquarter Camp . . .",* p.114.

g. ". . . *The Headquarter Camp . . . was below and to the north of Fort Commeline* (to the west side of the main road from Potchefstroom) . . .", p.115.

h. Terwyl daar tydens die Elandsfontein-geveg in Pretoria-Wes, 'n demonstrasie deur die Boere in die omgewing van Mears se plaas aan die oostekant van die Apiesrivier was, word melding gemaak van die Kruppkanonne wat uit die forte losgebrand het "and a shell from Fort Royal falling in their midst . . .", (d.w.s. vanuit Fort Royal is daar oor die woonhuise aan sy oostekant in die rigting van die teenswoordige Sunnyside en nog verder met die Kruppkanon geskiet), p.156.

i. *Fort Royal. . . about 700 yards to the east of the camp,* commanded the entrances to the town on that side . . .", p.456.

*iii. Hall & Paver*

a. ". . . Pretoria was evacuated (in die loop van die paar dae wat op 16.12.80 gevolg het) and a *main camp* formed on the foothills to the south of the



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

town . . . The *camp was fortified and protected by two forts on the hills at the back and one near where Zasm House now stands* . . . ", p.23.

b. "A *large fortified camp* was also made by enclosing the old gaol and the Convent grounds and church . . . manned by 600 irregulars . . . under Major Le Mesurier, R.E. with Captain R.K. Loveday, second in command . . . .", p.23.

c. ". . . In the *main camp* were D'Arcy's Horse and Nourse's Horse . . . ", p.23.

**6. Gevolgtrekkings wat Peacock en Davey gemaak het oor die ligging van Fort Royal met gebruikmaking van bostaande verwysings na dié fort in die werke van Du Val, Bellairs en Hall & Paver.**

*i Peacock*

Ofskoon Peacock in sy literatuurlys verwys na bg. drie historiese werke en in sy voetnoot ook na sekere bladsye (wat egter onvolledig en blykbaar in een geval ook foutief is), het hy hom, ten opsigte van die vasstelling van die ligging van Fort Royal, oënskynlik laat lei deur 'n sinsnede wat op bladsy 23 van die werk van Hall & Paver voorkom: "The camp was fortified and protected by two forts on the hills . . . and one near where Zasm House now stands . . ."

Waar Hall & Paver duidelik sê dat *Fort Royal in die nabyheid van* ("near where") *die Zasmhuis* (op die noordwestelike hoek van Markt- en Maréstraat) geleë was, beweer Peacock op bladsy 163 van sy proefskrif: ". . . *Fort Royal was waar die Zasm-geboue tans staan . . ."* Die aandag moet ook daarop gevestig word dat waar Hall & Paver praat van die *"Zasm House"* wat aan die suidekant van die NZASM-gebou gestaan het, praat Peacock net van die *Zasm-geboue.* Die kern van die saak is egter dat Hall & Paver die inligting verstrek dat *Fort Royal in die nabyheid van die Zasmhuis geleë* was en dat Peacock beweer dat Fort Royal *op die terrein van die Zasm-geboue* geboue gestaan het. Sodoende het hy die ligging van Fort Royal verkeerd aangedui, aangesien dit met stelligheid beweer kan word dat Fort Royal, net soos dit nie geleë was op die terrein van die huidige Genl Pretoriusgebou nie, dit ook nie geleë was op enige van die twee erwe (Nrs. 896 en 890 aan die westekant van Marktstraat) waar die *Zasmhuis en* die NSASM-gebou ten dienste van die bou en administrasie van die Oosteren Suiderspoorlyne teen die einde van die tagtiger- en die begin van die negentigerjare opgerig is.

Dat Peacock sy bronne ten opsigte van hul verwysings na die presiese ligging van Fort Royal en Fort Tullichewan (waarna hy in sy teks op bladsy 163 en in 'n sketskaart op bladsy 162 op die voetspoor van Bellairs as Fort Tully verwys) nie deeglik geëvalueer en geïnterpreteer het nie, kan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

afgelei word uit sy plasing van Fort Royal op die terrein *"waar die ZASM-geboue tans staan"* in weerwil daarvan dat Hall & Paver sê dat dié fort *in die nabyheid van die Zasmhuis* gestaan het, en sy misleidende skets van die terrein waarop hy Fort Tully plaas op 'n kop oos van die Fonteine-vallei en die Apiesrivier. Indien hy Hall & Paver, p.23, se stellings ook in hierdie verband noukeurige bestudeer het, sou hy opgemerk het dat die skrywers verwys na twee forte op die heuwel aan die suidekant van Pretoria en aan weerskante van die Potchefstroom-pad deur Gevangenispoort (Commeline en Tullichewan), 'n derde fort, "near where Zasm House now stands" (Fort Royal). "with an outpost at Klapper Kop, where the big fort now stands". Met ander woorde Fort Tully of Tullichewan was nie geleë op 'n plek aan die oostekant van die Fonteine-vallei en Apiesrivier waar Peacock dit blykens sy teks en sketskaart aandui nie.

*ii Davey*

Waar Peacock i.v.m. sy beskrywing van die ligging van die forte na die werke van Du Val, Bellairs en Hall & Paver verwys, maak Davey in sy M.A.-verhandeling op bladsy 282 van die Argiefjaarboek, 1956, Deel I, net melding van een bron, dieselfde bron wat waarskynlik in Bylae G, pp. 447–459 van Bellairs se werk gepubliseer word. In dié Bylae is die verslag van kol. William Bellairs, onder datum 22.1.1881, opgeneem, dieselfde datum wat in die verwysing van Davey voorkom. Daarin word gesê: "Fort Royal . . . about 700 yards to the east of the camp . . ." (p.456). Elders, op bladsy 99, skrywe Bellairs dat die "military headquarter camp" van "800 to 1000 yards" aan die linkerkant, d.w.s. westekant van die hoofpad (vanaf Potchefstroom deur Gevangenispoort) geleë was en "Fort Royal . . . lay about 400 yards to the right", d.w.s. aan die oostekant van dieselfde hoofpad en blykbaar teenoor die "head quarter camp". Direk daarna verwys Bellairs na "the jail and Loretto House", p.99.

Waar Bellairs in sy verslag van 22.1.1881 skrywe dat Fort Royal "about 700 yards to the east of the camp" geleë was (p.456) en op bladsy 99 dat "Fort Royal . . . lay about 400 yards to the right" en dat "the jail and Loretto House – commonly called the Convent – occupied an intermediate position on the left of the road as it entered the town", verwys Davey in sy verhandeling na die "Gaol and Convent Redoubt (at the north-eastern apex of the perimeter), d.w.s. digby die kruising van Visagie- en die huidige Bosmanstraat, en dan gaan hy verder en sê "and some 400 yards eastward commanding the approaches from Middelburg and Lydenburg was "Fort Royal", Argiefjaarboek, 1956, Deel I, p.282.

Sy plasing van Fort Royal "some 400 yards eastward" van die "Gaol and Convent Recoubt" moes hom dan in die rigting van die kruising van Visagie- en Marktstraat gebring het en as hy met daardie aanduiding van die ligging van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Fort Royal in sy teks reeds gedink het aan die lokalisering van "Fort Royal... at the present sites of the Native Affairs Department and the N.Z.A.S.M. Buildings . . ." (a.w., p.282, voetnoot 15) moes hy gepraat het van die rigting vanaf die "Gaol and Convent Redoubt" na Fort Royal as "south-eastwards". In hierdie verband moet daaraan herinner word dat Du Val in Vol. II van sy werk skrywe dat Fort Royal geleë was op die noordwestelike hoek van die Visagie- en die huidige Bosmanstraat), p.20.

Uit die teks van Davey se verhandeling kry ons nie 'n noukeurige aanduiding van die ligging van Fort Royal nie en kry die ingeligte leser die indruk dat Davey self nie helderheid oor die presiese ligging van Fort Royal gehad het nie. Ook word die indruk gewek dat hy sy lokalisering van die ligging van Fort Royal in voetnoot nr. 15 – wat nie ooreenstem nie met sy lokalisering van die fort in sy teks op dieselfde bladsy van sy verhandeling, en sonder dat hy die bron vir sy voetnootbewering aangee – eers na die voltooiing van sy verhandeling bygevoeg het. Die vermoede is dat Davey die lokalisering van Peacock kritiekloos oorgeneem het en bygevolg Peacock se foutiewe aanduiding van die ligging van Fort Royal herhaal. Die enigste verskil is dat Davey verwys na die terrein van die Dept. van Naturellesake op die noordwestelike hoek van die .huidige Jacob Maré- en Paul Krugerstraat (wat intussen die Zasmhuis, wat sedert die negentigerjare tot in die vyftigerjare op dieselfde terrein gestaan het, vervang het) en die "N.Z.A.S.M. Buildings" op die suidwestelike hoek van Minnaar- en die huidige Paul Krugerstraat

7. **Fort Royal was geleë in die omgewing van die suidwestelike hoek van Markt (Paul Kruger)- en Maré (Jacob Maré)straat, waarskynlik op die huidige Erf Nr. 947 waarop die Paul Kruger Court en ander geboue tans staan.**

Met gebruikmaking van *inligting* wat oor die ligging van Fort Royal gegee word *deur Du Val,* naamlik dat Fort Royal geleë was (a) "in the open ground commanding the 'poort' " (Vol I, p.286), (b) dat die middernagtelike sametrekking en opstelling van die soldate plaasgevind het op "the ground at the right of Fort Royal", d.w.s. aan sy westekant (Vol. II, p.20), (c) dat 'n "fine distant view of the Lydenburg and Middelburg roads approaching Pretoria" vanaf Fort Royal verkry kon word (p.20), en (d) dat Fort Royal geleë was "about 300 yards to the south-east of the Convent Redoubt", op die noordwestelike hoek van Visagie- en die huidige Bosmanstraat (p.20); aangevul deur Bellairs (e) dat "Fort Royal lay about 400 yards to the right (of the main road from Potchefstroom to Pretoria)" en teenoor die "military headquarter camp" wat "800 to 1000 yards to the left of the main road" gelê het (p.99), terwyl Bellairs op 'n ander plek sê dat (f) "Fort Royal – below Fort Tully – and between it and the town, was about 1000 yards east of the Headquarter Camp" (p.114) en elders (g) "Fort Royal . . . about 700 yards to the east of the camp" (p.456); *laastens aangevul deur Hall & Paver dat (h) Fort*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Royal geleë was *"near where* Zasm House now stands", op die noordwestelike hoek van die huidige Paul Kruger- en Jacob Maréstraat (p.23), *kan die afleiding gemaak word dat Fort Royal in die omgewing van die kruising van die huidige Paul Kruger- en Jacob Maréstraat geleë was,* m.a.w. nie op die terrein van die Genl. Pretoriusgebou op die noordoostelike hoek van die huidige Paul Kruger- en Jacob Maréstraat nie en ook nie op die terrein op die noordwestelike hoek van dieselfde strate waar die Zasmhuis vroeër gestaan het en die hoofkantoor van die Dept. van Naturellesake in die vyftigerjare opgerig is.

Aangesien Hall & Paver beweer dat Fort Royal geleë was *"near where Zasm House now stands* (op die noordwestelike hoek van die huidige Paul Kruger- en Jacob Maréstraat) en die aangehaalde verwysings na die ligging van dié fort wat in die werke van Du Val en Bellairs voorkom, in die rigting wys waar die destydse Maréstraat by Markstraat aangesluit het, het ondergetekende dit noodsaaklik geag dat ander bronne, soos kaarte en foto's, ook geraadpleeg behoort te word ten einde tot finaliteit oor die *presiese ligging van Fort Royal* te kom.

i. Ten opsigte van die terrein van die Genl. Pretoriusgebou op die noordoostelike hoek van die destydse Markt- en Maréstraat (tans onderskeidelik Paul Kruger- en Jacob Maréstraat), moet die aandag daarop gevestig word dat die dorpsterrein aan die oostekant van Marktstraat, tussen Visagie- en Scheidingstraat uit opgemete en deels beboude dorpserwe, opgemeet deur Andries du Toit teen die einde van die vyftigerjare en heropgemeet deur A.H. Walker in 1875, bestaan het en dat die militêre owerheid van Pretoria in 1880 nie die betrokke erf (Nr. 755) waarop daar boonop 'n woonhuis gestaan het, vir die oprigting van 'n fort sou gebruik nie.

ii. Daarteenoor was daar in 1880 op die terrein aan die suidekant van Visagiestraat en aan die westekant van Marktstraat nog nie dorpserwe uitgemeet nie, met die uitsondering van die sg. Molenerf Nr. XYZ (tans Erwe Nrs. 880, 884 en 890) aan die westekant van Marktstraat en vanaf Visagie- tot oor Minnaarstraat *en* die terrein aan die westekant van Kockstraat (later Kochen tans Bosmanstraat) en tussen Minnaar- en Visagiestraat waarop die tweede tronkgebou van Pretoria in die sewentigerjare opgerig is en wat tydens die Engelse beleg van van Pretoria as die "Gaol Redoubt" en "Tronk Laager" bekendgestaan het.

iii. Op die *Kaart van het Dorp Pretoria – Z.A. Republiek, Gemeten in 1857–1858 door A.F. du Toit,* en wat die datum 2 Maart 1859 dra, was die terrein aan die suidekant van Visagiestraat en aan die westekant van Marktstraat nog nie in dorpserwe, strate en pleine opgemeet nie, met die uitsondering van die lang, smal erf aan die westekant van Marktstraat en wat gestrek het vanaf Visagiestraat tot die helfte van die blokerwe tussen Minnaaren Maréstraat. Op die Du Toit-kaart staan geskrywe: *Moolen Erf top der*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Straat met regt van Water No XYZ.* Die Bechtle-opmeting van 1887 sou hieraan 'n verandering bring.

Die terrein wat tans deur die plein aan die oostekant van die Stadsaal en die Pretorius-beelde in beslag geneem word, word op die Du-Toit-kaart as die *Klip Bult* aangedui en teenoor die suidelike beginpunt van die Molenerf staan op die kaart geskrywe: *Drooge Klip Bult.* Blykens die kaart het die *Magazyn plaats by de Bosch* teenoor Scheidingstraat en naby die hoek van die huidige Schubartstraat gestaan, terwyl die *Poorts Pad* vanuit die rigting van Gevangenispoort skuins oor die hoek van die onopgemete terrein in die rigting van die destydse westelike eindpunt van Maréstraat geloop.

iv. Ten tye van die beleg van Pretoria, 1880–1881 was die terrein tussen Marktstraat en die huidige Bosmanstraat aan die suidekant van Visagiestraat tot by die huidige Scheidingstraat (met die uitsondering van die Molenerf Nr XYZ) dus nog nie in erwe opgemeet nie en was die hooggeleë en oop terrein met uitsigte in verskillende rigtings, aan die westekant van Marktstraat en naby die westelike eindpunt van Maréstraat, waar die *Poortspad* met Marktstraat in 'n noordelike en met Maréstraat in 'n oostelike rigting vertak het, die aangewese terrein vir die oprigting van 'n fort in die begin van Desember 1880. In hierdie verband kan daaraan herinner word dat, blykens 'n aantekening op die *Plan van het Dorp Pretoria, Z.A. Republiek,* die sg. *Walkerkaart van Pretoria,* wat in Maart 1875 opgemeet is, "Erven 877" (op die suidoostelike hoek van Visagie- en die huidige Bosmanstraat) tot 896 (op die noordwestelike hoek van Markt- en Maréstraat) "(were) surveyed by A Bechtle in Dec. 1887", m.a.w. die blokke erwe wat tans ingesluit word deur Visagie-, Bosman-, Jacob Maré- en Paul Krugerstraat, terwyl die erwe wat ingesluit word deur Jacob Maré-, Bosman-, Scheiding- en Paul Krugerstraat eers teen die einde van die tagtigerjare opgemeet en die eerste grondbriewe in 1890 uitgereik is.

v. Dit is opmerklik dat sowel Peacock as Davey uitsluitend gebruik gemaak het van Engelse bronne om die ligging van Fort Royal vas te stel. 'n Kaart wat voorkom in die *"Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog"* deur kmdt. J.D. Weilbach en C.N.J. du Plessis, wat in 1882 deur Saul Solomon & Co. in Kaapstad uitgegee is, en waarvan die sketskaarte deur die uitgewersfirma opgestel is, verstrek inligting oor die ligging van Fort Royal. Op die sketskaart, wat teenoor bl. 344 afgedruk staan, word 'n *Fort* aangedui in die omgewing van die huidige suidwestelike hoek van die huidige Paul Kruger- en Jacob Maréstraat en in die omgewing waar die westelike eindpunt van die destydse Maréstraat in Makrtstraat doodgeloop het.

vi. Op 'n foto van 'n kaart met as opskrif *Siege – Beleg, 1880–1881,* waarop



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die ligging van 17 plekke en installasies van militêre en ander belang tydens die beleg van Pretoria op die terrein wat tans onder bespreking is, aangedui word, word Fort Royal met die syfer 4 aangedui op 'n plek aan die westekant van Marktstraat, op die suidwestelike hoek van Maré- en Paul Krugerstraat, waar, volgens die mening van ondergetekende, Fort Royal geleë was.

vii. Bevestiging vir sy sienswyse oor die ligging van Fort Royal het ondergetekende in die laaste instansie verkry uit foto's wat voor en ten tye van die beleg van Pretoria geneem is van die terrein en plekke van belang wat onder bespreking is.

a. Foto Nr. 57A, met *Pretoria from the South* as byskrif, geneem deur die Pretoriase fotograaf van daardie jare, H.F. Gros, en gepubliseer in: *Views of the Transvaal War, 1880,* toon die watervoor wat vanaf die Fonteine op die plaas Groenkloof geloop het waar die huidige Railwaystraat later totstandgekom het en oor Scheidingstraat in die rigting van die kruising van Maré- en Marktstraat geloop het en vandaar na Kerkplein met twee takstrome aan albei kant van Marktstraat.

'n Belangrike baken, uit die oogpunt van die bepaling van die ligging van Fort Royal, wat op hierdie foto opgemerk kan word, is 'n witgepleisterde huis op die hoekerf waar die Genl. Pretoriusgebou tans staan. 'n Venster opening in die muur aan die kant van Maréstraat, sowel as 'n afdak of stoep aan die kant van Marktstraat kan op die foto duidelik onderskei word.

Dié hoekerf, Nr.755, waarvan die grondbrief in September 1875 uitgereik is en op 28.9.1875 in besit gekom het van Jan Francois Celliers, die eienaar en redakteur van *De Volksstem,* het op 5 April 1878 in die besit van Robert Cottle Green en op dieselfde datum in die besit van Leendert Vuyk gekom. Vuyk het vermoedelik die huis, wat op die foto uit die jaar 1880 voorkom, op die hoekerf gebou. Na sy dood in 1883, het die bekende boukontrakteur en grondspekulant van daardie jare, Marinus Franken die erf met huis gekoop en in 1891 het hy dit op sy beurt verkoop aan Edmund Francis Bourke, wat op daardie tydstip reeds die erf aan die oostekant van Erf Nr 755, Nr. 756 besit het. Sedert 1945 is die Ned. Hervormde Kerk die eienaar van albei erwe.

Op 'n ander Gros-foto, wat ook in dieselfde publikasie afgedruk is – Nr 54 – wat as byskrif het: *Market St from Market Sq. Pretoria,* kan die Vuyk-woning met sy afdak aan die Marktstraatkant en 'n deur opening in sy noordelike muur, in die verte gesien word. Op dié foto is dit die laaste huis aan die oostelike kant van Marktstraat wat in die gesig kom. Soos duidelik opgemerk kan word, was daar aan die westekant van daardie huis, op die noordoostelikehoek van Maré- en Marktstraat, geen geboue op die oop en hooggeleë onopgemete terrein nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

b. **Foto Nr. 95 met sy byskrif:** *Krupp Gun at Fort Royal* **vir ons doeleindes en met die og op die lokalisering van Fort Royal van besondere en deurs lagewende belang. Die foto toon 'n aantal soldate binnekant Fort Ryal met die kruppkanon wat in 'n sekere rigting (effens noordoostelike) gerig is en soldate binne die Fort wat in verskillende rigtings kyk**

**Op die agtergrond, aan die regterkant van 'n soldaat wat bo-op die fort muur sit en een wat binne die fortmuur staan, kan 'n witgepleisterde huis met 'n afdak aan sy westekant en 'n vensteropneing aan sy suidekant gesien word. Die Fort is nie reg teenoor die huis, m.a.w. aan sy westekant, geleë nie, maar staan meer na die suidekant en skuins teeoor die witge pleisterde huis. Op die linkerkant van die foto, op die agtergrond, kan die huise, aan die noordekant van Pretoria onderskei word. Indien met die huis as uitgangspunt, Maré verder na die westekant verleng sou gewees het, sou Maré verder na die noordekant van Fort Roayl geloop het.**

c. **Op foto Nr. 83 (Fort Royal and the Provost Marshall) wat ook van Fort Royal uit 'n suidwestelike rigting geneem is en waarop die loopgrawe (waarvan Du Val op p. 33 van die tweede deel van sy werk melding maak) opgemerk word, kan die witgepleisterde gebou met sy venteropening aan sy suidekant op die agtergrond gesien word.**

d. **Laastens word nog verwys na 'n foto wat op bladsy 34, onder links, in die** *Eeufees-Album, Pretoria se Eerste Eeu in Beeld,* Pretoria, 1952 afgedruk staan. Dit is blykbaar nog 'n foto van Fort Royal. As die agtergrond van die foto, veral die luglyn, bestudeer word, word dit duidelik dat dié fort geleë was op die oop en hooggeleë terrein waar ons aan die hand van die vorige foto's en met gebruikmaking van die ander beskikbare bronne, die ligging van Fort Royal vasgestel het.

Die lokalisering van die ligging van Fort Royal sluit in 'n mate aan by die slot somwaartoe prof. F.J. du Toit Spies in sy artikel: *Bladsye uit die militêre geskie denis van Pretoria* **omtreeks 1955 gekom het. In Pretoria, 1855 - 1955, p. 93, kom Spies tot die volgende gevolgtrekking: "...Fort Royal (was) geleë aan die suidelike punt van Markstraat (tans Paul Krugerstraat) waarskynlik in die buurt van die latere N. Z. A. S. M. - huis en Jacob Maréstraat.**

**8. Aangeveling aan die raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.**

**Nadat ondergetekende tot die slotsom gekom het dat Fort Royal beslis nie op die terreine van die huidige Genl. Pretoriusgebou en die Bantoesakegebou (wat die Zasmhuis in die vyftigerjare vervang het) geleë was nie, maar op die ter-**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

rein aan die suidekant van die huidige Jacob Maréstraat en die westekant van die huidige Paul Krugerstraat, d.w.s. reg teenoor die Bantoesakegebou en skuins teenoor die Genl. Pretoriusgebou, wil hy aanbeveel dat die bronsplaat aangebring moet word op 'n geskikte plek aan die Paul Kruger Court-gebou, aangesien dié gebou staan in die onmiddellike omgewing of gedeeltelik op die plek waar Fort Royal in Desember 1880 opgerig is.

Die erf (Nr. 947), waarop Paul Kruger Court en ander geboue staan, se grondbrief is in 1890 uitgereik en Erf Nr. 947, asook die hoekerf nader aan die huidige Pretoria-stasie het op 6.11.1890 in besit gekom van die Gereformeerde gemeente Pretoria. Op 15.6.1891 het staatspresident Kruger die eienaar daarvan geword en dit gebly totdat die erf op 23.7.1903 aan M.F. Joffe verkoop is. Dié gedeelte waarop Paul Kruger Court en ander geboue tans staan het op 31.7.1940 in die besit gekom van John Hagis, in wie se besit die eiendom vandag nog is. Die adres van sy seun word in die telefoongids van Pretoria aangegee as: Dr Peter Hagis, Mearsstraat 144, Sunnyside, Pretoria. Tel. 44-2050. Lg. praktiseer egter in Kaapstad.

*Literatuurverwysings*


1. R. Peacock: Die Geskiedenis van Pretoria, 1855–1902, D. Phil. – proefskrif, U.P., 1955 (ongepubliseer), p.163.
2. A.M. Davey: The Siege of Pretoria 1880–1881, M.A. Thesis, UNISA, gepubliseer in: Archives Year Book for South African History, 1956, Vol. I, p.282.
3. Johan F. Preller: Compass Sketch Plan of Pretoria Transvaal . . . 14.11.1879", in: S.A. Argiefblad, Nr. 16, 1974, p.28.



*Dr H.M. Rex*
Pretoria

27.10.1980




Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Die erf op die suidwestelike hoek van Paul Kruger (voorheen Markt-) en Jacob Maré (voorheen Maré) strate, waarop Phil's Furnishers en Paul Kruger Court (die verdiepinggebou op die agtergrond) tans staan, is die hooggeleë terrein waarop Fort Royal in Desember 1880 tot stand gekom het. Die bronsplaat van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (vroeër bekend as die Historiese Monumentekomitee) is in die loop van Desember 1980 deur mnr. C.F. van R. Zietsman, amptenaar van RNG se Transvaalse Streekkomitee op 'n muur tussen die twee geboue aangebring.*

*Foto: P.R. Nel, Fotograaf, Burgerhof, Minnaarstraat, Pretoria.*



*Die Rebellie 1914-1915*


*Vrouedeputasie 1915 na Genl. Smuts.*

*Agter* 1. *Mev. P.J. Poen (Natal)*
2. *Mev. H. Steyn (OVS)*
3. *Mev. C.A. Neethling (Tvl)*
4. *Mev. H.E.C. Armstrong (Tvl)*
5. *E.F. van Broekhuizen (Tvl)*

*Voor* 1. *Mev. J.H. Muller (Kaapprov.)*
2. *Mev. G.A. Kestell (OVS)*
3. *Mev. Genl.Piet Joubert (H.S.J. Joubert)*
4. *Mev. E.F. Eloff (Tvl.)*
5. *Mev. J. Roos (Kaapprovinsie)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Mej. Hettie Cilliers (tans 96 jaar)*
*Woonagtend in Huis Hermon, Pretoria-Noord*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# WONDERBOOMPOORT

## DIE VOORDEUR VAN PRETORIA

*Deur Hettie Cillié*

Staan voor 'n venster op die tweede verdieping van Huis Hermon in Pretoria Noord, aan die ooste-kant van die gebou. Die uitsig is verruklik. Jy kyk vas teen die blougroen Magaliesberge wat van oos na wes uitstrek. En hier vlak voor jou oë is Wonderboompoort . . . met sy wonderboom, vanselfsprekend, aan die digbeboste voet van die berg. Kyk na die Poort. So natuurlik, ongeërg asof die berg eeuwe gelede, met sy ontstaan, doelbewus hier 'n wye gaping tussen sy kranse gelaat het vir die Apiesrivier om deur te vloei en vir mens en dier 'n gerieflike pad om anderkant te kom. Hoe sou die Poort gelyk het toe die voorste Voortrekkers hier aangekom het? En wie was die allereerste Trekker wat met sy ossewa daardeur gery het?

**Deur die Poort voor 1900**

Toe ek as kind met Wonderboompoort kennisgemaak het (omstreeks 1892) was die wildernis daar vir my onbeskryflik mooi en geheimsinnig. Selde of ooit het 'n mens 'n ander rytuig of iemand te perd daar teegekom. Niemand het gedroom van alles wat die Poort met verloop van jare nog sou deurlaat nie. Boerekommando's, Engelse, troepe, treine, motors, busse! As die kranse maar kon praat!

Van ons plaas, omtrent agtien myl van Pretoria, moes ons deur Wonderboompoort wanneer ons dorp toe ry. Hoe goed onthou ek die senuweeagtige opgewondenheid, die heerlike bang van 'n kind, as ons in my pa se kapkar met twee perde by die Poort aankom. Die Poort en Apiesrivier! Sê nou maar die rivier is vol? Sê nou maar die water is te sterk om deur te ry . . . Ek loer na die perde. Moeg, met dampende lywe stap hulle aan in die sandpad die draai om en die Poort binne. Ons ry 'n ent langs die Apiesrivier wat links van die pad stil en rustig vloei tussen sy oewers van riet en palmiet. Weerskante is loodregte kranse en beboste klowe tot daar bo in die lug waarvandaan 'n standhoudende waterval aftuimel om hom hieronder in die rivier te stort . . . En . . . luister! Ja, dis bobbejane wat so lawaai! " 'n Mens kry hulle altyd hier", sê my pa. Ek leun oor van die agterste bankie om beter te kan sien. 'n Groot trop! Daar in die hoogte klouter die swart dierasies rond, tussen rotse en stamvrugbome. Hulle laat my amper my vrees vir die Apiesrivier vergeet maar skielik is ons by die drif. 'n Steil afdraend. Knikkend skuif die kar oor die massa los klippe aan weerskante van die stroom en meteens sak die wiele weg in diep water wat byna tot aan die nawe raak. Ek klou krampagtig vas en hou my asem op . . . Gelukkig word dit gou vlakker. 'n Sagte rapsie met die sambokkie. Die perde ruk hulle koppe op, trap vas en beur die kar die hoogte anderkant uit. 'n Sug van verligting. Nou kan ek weer ontspan. Ons is deur Wonderboompoort en amper in die dorp. Nog net sowat drie myl grasvlakte, verby Eloff se plantasie en dan is ons daar.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Die Poort Gesluit**

So ver as ek kan onthou was Wonderpoort nog net eenmaal gesluit. En dit was in die Tweede Vryheidsoorlog nadat Lord Roberts Pretoria ingeneem het. Na 'n paar maande is boeremense in die distrik darem toegelaat om met 'n permit die dorp binne te gaan – al was dit dan ook onder die strengste regulasies. By Wonderboompoort was twee wagte gestasioneer, een voor die Poort aan Pretoria se kant en een in die Poort, met die opdrag om die rypas van elke verbyganger noukeurig te lees en verdagte rytuie te "visenteer". Baie mense het gebruik gemaak van hierdie "gunsbewys" om tog maar net by 'n winkel te kan kom. Want in die plaaswonings was daar skaars nog so iets as suiker, sout, kerse en vuurhoutjies te kry.

Iemand wat nie versuim het om haar pas in die hande te kry nie was Margaretha (Ita) Malan van Hartbeeshoek, agter Magaliesberg; dieselfde plaas waar haar broer Danie Malan sy boomkwekery begin het en waar die "Malan-Broers" vandag nog daarmee voortgaan.

Met 'n molwaentjie en 'n span osse – al die plaasperde was lankal opgeëis vir kommandodiens – het Ita tweemaal per week deur Wonderboompoort gery met 'n vraggie vrugte en groente vir die mark en teruggekom met allerhande benodighede wat sy in die winkels gekoop het. Haar broertjie, Danie en sy nefie Pieter, kinders van sowat elf en twaalf jaar, en ook 'n swart touleiertjie het haar gereeld vergesel. Die inkopies wat sy huis toe geneem het, was baie gou nie meer so onskuldig as in die begin nie. Manshemde, skoene, hoefysters, spykers ens., ens., vir die Boere op kommando het deur Wonderboompoort geglip. En wie kon dit haar kwalik neem? Haar broer Wynand en sy vriende kom kort-kort in die nag na Hartbeeshoek saam met ander verkenners van die Boerekommando's in die Bosveld. En die vegtende burgers het die dinge so bitter nodig. Maar Ita het nog meer gewaag. Toe 'n vriend in 'n kantoor weereens 'n hele pak koerante-uitknipsels, afdrukke van dokumente en briewe wat militêre geheime bevat aan haar oorhandig om na die Boere uit te smokkel, het hy gevra: "Besef jy dat daar maar een straf kan wees as hulle jou met hierdie goed vang?" Ja, sy het geweet, maar sy het die wagte in Wonderboompoort lankal makgemaak. Hoe? Elkemaal as sy inry kry hulle iets: vrugte, 'n pond botter, 'n dosyn eiers, selfs blomme. Hulle ken haar waentjie al so goed dat hulle skaars nog na haar pas kyk, wat nog te sê lol met die goed op haar wa.

**Jan Celliers, die digter, deur Wonderboompoort.**

In die dorp het Ita Malan tuisgegaan by mev. Gen. Piet Joubert. Tant Drienie, soos almal haar genoem het, was maar altyd besig om "ons mense" te help en vir almal in moeilikheid by die Engelse Owerheid te gaan pleit. Toe Ita op 'n keer by haar huis aankom kry sy mev. Abraham Malan daar. Laasgenoemde ('n dogter van wyle Gen. Joubert en tant Drienie) is vreeslik ontsteld en opgewonde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Goed dat jy hier is, Ita! Ons het jou hulp dringend nodig!" "Ja? Wat is die moeilikheid?" "Jan Celliers, die digter, moet uit die dorp. Sommer vandag nog. Hulle hou al sy huis in die oog, ons is seker daarvan. En sy vrou is al siek van angs! Hy moet dadelik vlug. . . . Ons het 'n mooi plan uitgedink . . .! Jy bly agter in die dorp en Celliers ry in jou plek uit met jou waentjie, in vroue klere natuurlik" Ita raak net so opgewonde en is meteens klaar om saam te speel. Hulle bespreek die plan tot in die kleinste besonderhede. Mevrou Gen. Joubert sal haar "spidertjie" met een perd gee om Celliers by sy huis te gaan haal. Dominee H.S.Bosman moet ook in vertroue geneem word want Ita se waentjie moet van die pastorie af vertrek.

Dat Jan Celliers in Pretoria agtergebly het toe die Engelse die hoofstad ingeneem het was 'n mens kan maar sê per ongeluk. Hy was op kommando maar het destyds diens gedoen as een van die wagte op treine wat Engelse krygsgevangene van Natal na Pretoria moes vervoer. By Waterval, omtrent 14 myl van Pretoria was alreeds 'n kamp met sowat 3 000 krygsgevangene.

Op 4 Junie 1900 terwyl vyandelike kanonne van Swartkop af al besig was om Pretoria se forte te bombardeer en die liddiet-bomme met 'n donderslag in 'n dik stofwolk, onderkant Klapperkop, teen die heuwels agter Sunnyside ontplof, het *De Volkstem* in dik swart letters aangekondig:

*4 Junie 1900. Officiël. Door de Staatsprokureur is ons verzocht bekend te maken dat wegens de verschyning van de vyand te Zesmylspruit allen die Pretoria wenschen te verlaten thans van de gelegenheid gebruik behoren te maken.*

**In Sy Huis Weggekruip**

Jan Celliers, sonder perd of fiets kon nie so gou wegkom nie en het voorlopig maar in sy huis weggekruip. Bedags sit hy in 'n vertrek waarvandaan hy die tuinhekkie kan sien. Wanneer 'n soldaat of verdagte persoon inkom vlug hy haastig deur 'n luik onder die vloer in. Sy vrou maak dit toe en trek 'n tapyt daaroor. In die aand wanneer dit donker is loop hy in die tuin tussen digte bome rond, tel gewigte op en doen oefeninge om gesond te bly. 'n Paar maande het so verbygaan maar al noukeuriger word die woonhuise deursoek . . . tot onverwags in die nag. Manspersone sonder verblyfpas, en die wat weier om die eed van getrouheid af te lê word gevang, weggestuur en in sommige gevalle selfs geskiet. Van hoe streng die krysgwet in Pretoria toegepas is vertel Jan Celliers in een van sy boeke. In dieselfde boek maak hy ook melding van sy ontvlugting deur Wonderboompoort; van benoude oomblikke maar ook van die grappige van so 'n "potsierlike komediespel" waarin hy die hoofrol gespeel het.

Dit het begin waar hy soos gewoonlik – nou al, 'n paar maande lank – op sy stoel naby die venster sit, met 'n boek in die hand en sy oog deur 'n skrefie op die tuinhekkie. Daar sien hy die rytuig van mev. Generaal stilhou en haar dogter mev. Malan klim uit. Die twee seuntjies is by haar. Sy kom binne en na 'n paar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

minute is mev. Celliers by hom in die kamer. Van spanning en opgewondenheid kan sy skaars praat toe sy aan haar verbaaste eggenoot vertel dat hy nou, op hierdie oomblik die dorp kan verlaat. In kort maak sy die plan duidelik. Daar is hoegenaamd geen tyd om te dink, te twyfel of teë te praat nie. Sy bring die rok wat hy oor sy klere moet aantrek, groot uitgetrapte vroueskoene, 'n mantel met hoë kraag, 'n reguitrand strooihoedjie met 'n dik sluier voor die gesig en handskoene. So! Mag die liewe Vader verhoed dat die wagte – wat Ita Malan seker al goed ken – die bedrog agterkom!

Jan Celliers groet sy vrou en loop saam met mev. Malan na buite. Op die sypad stap 'n soldaat by hulle verby. Die twee seuntjies by die rytuig beskou hom geamuseerd. Hulle weet van alles. Celliers klim in. Hulle ry straat op. Hier kom 'n perdewa vol offisiere op hulle af. Gou omdraai na 'n ander straat! Kerkstraat is vol Engelse: te perd, te voet en in rytuie. Troepe in kakie net waar jy kyk. Die spider kom by die huis van Ds. H.S. Bosman. Daar staan Ita Malan se waentjie met die swart touleiertjie voor die osse. Die dominee stap verby en groet doodgewoon. Voor op die wa sit die twee seuns al en Jan Celliers klim ook op. Hulle kyk hulle snaakse passasier breed glimlaggend aan. "My suster sit altyd met haar gesig na agter", bedui Danie. "O!" sê Jan Celliers en hy vergeet dat hy 'n jong dame moet voorstel en swaai sy bene hoog oor die armleuning van die bankie toe daar juis net 'n soldaat verkykom. Sou hy die verweelbroek onder die rok gesien het? Waarom loer hy so onderlangs na die snaakse Boerenooi? Die twee seuns proes van die lag en Celliers moet hulle waarsku om nie so baie na hom te kyk nie. "Lyk ek darem so bietjie na jou suster?" vra hy vir Danie. "Nee glad nie!" sê altwee doodeerlik. Allesbehalwe bemoedigend vir die vlugteling.

Hulle vertrek. Die wind waai sterk. Die 'dame' moet gedurig haar rok af druk en met die ander hand haar hoed vashou. By van der Hoves drif kom uit 'n groot kamp 'n stuk of vyftig Engelse met hul perde water toe. Hulle gee aan weerskante pad vir die ossewa en beskou die Boerenooi so openlik dat 'sy' baie ongemaklik voel. En toe . . . een van hulle kyk Celliers vas in die gesig! Hy skrik geweldig. Dis een van die wat hy as krygsgevange na Pretoria gebring het. Hulle het kennisgemaak op die trein . . . Dankie tog! Wat 'n verligting! Die Engelsman herken hom nie. Hulle ry Eloff se plantasie verby en kom naby Wonderboompoort. "Hier voor staan die eerste wag", waarsku die kinders. "Hier moet ons die pas wys". Hulle haal dit uit en gee dit aan Jan Celliers want hy moet dit oorhandig. Nou voel hy regtig benoud. As hulle tog maar net nie met hom praat nie! Sal hy dit ooit regkry om Ita Malan se stem na te boots? Hy merk hoe 'n paar Engelse wat eenkant staan hom beskou en bespreek. Maar goed dat hy nie geweet het in hoe 'n groot gevaar hy op daardie oomblik verkeer het nie. Ita dra 'n bril en hulle het dit vergeet. Maar . . . wonderbaarlik, die wag – met bajonet aan sy geweer – neem die pas, lees dit vlugtig en gee dit terug. . . sonder 'n woord.

Hulle nader die Poort. Vir Celliers stap die osse pynlik stadig deur die Apiesrivier en anderkant die wal uit tot in Wonderboompoort. Nou kry hy dit skoon op sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

senuwees. By die volgende wag kom hy sekerlik nie verby nie, dink hy mismoedig. Hier word hy ongetwyfeld voorgekeer . . . Verban? Doodgeskiet? Wat sal dit wees? Maar kyk hoe gerus is die kinders. Hulle het toebroodjies uitgehaal, eet smaaklik, lag en gesels onbewus van gevaar. Daar kom hulle by die tweede wag. Die Engelsman neem die pas, vou dit langsaam oop, lees dit op sy gemak en gee dit terug, *sonder om op te kyk!* Ongelooflik! 'n Wonderwerk. Die antwoord op gebede van dierbares? Maar die gevaar is nog nie verby nie. Voor in die pad werk 'n hele span soldate aan die pad. As die wa stadig verbykom staan meer as een regop om hulle agterna te kyk. En . . . verskriklik! Wat beteken dit? 'n Offisier hou sy hand op en roep na hulle! "Hy bedui maar net hoe ons moet ry", sê die kinders en na 'n rukkie kyk hulle weer om: "Nou is ons deur". Onuitspreeklik die gewaarwording van dankbaarheid en verligting. Die touleiertjie swaai links en volg die pad na Hartbeeshoek, die plaas van die Malans. Daarvandaan hoop Jan Celliers om gou die Boerekommmando's in die Bosveld te bereik.

******

Vandag glip ons Hermoniete in vinnige busse oor gladde teerpaaie deur Wonderboompoort. Daar is rye ligte, robots en 'n mooi bree brug waaronder die Apiesrivier skaam wegkruip want sy palmiet en rietbosse aan die oewers is iets van die verlede. Bokant die pad raas treine verby en die hele omtrek is netjies in uitgestrekte parke verander, want die stad het tot hier en nog baie verder uitgebrei: Alles pragtig en gerieflik. Maar wat my betref soek ek darem tevergeefs in die nuwe Poort na daardie geheimsinnige bekoring van die ou Wonderboompoort met sy ruigtes, bobbejane, grond pad en gevaarlike drif deur die Apiesrivier.

## 'N HALF-VERGETE STUKKIE GESKIEDENIS

Pretoria-Noord en die omliggende plase agter Magaliesberg is ryk aan geskiedenis. Ongelukkig het ons soveel daarvan lankal vergeet.

Wanneer ek hier in Huis Hermon in my kamer staan, omraam my venster 'n stukkie landskap waar 'n onvergeetlike toneel hom afgespeel het. Daar onder, oor 'n voorgrond van bome, kyk ek vas teen blou bergrantjies en daar het dit gebeur . . . naby Onderstepoort waar wyle Dr Theiler se wêreldberoemde laboratorium vandag is.

Jare gelede het ek die storie opgeteken, presies soos my broer Kowie, wat alles meegemaak het, dit aan my vertel het.

*****

Dit was November 1901. Die Tweede Vryheidsoorlog was aan die gang en Pretoria reeds in die hande van die vyand.

Teen daardie tyd het die Boere op kommando dit al bitter swaar gehad. Hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het letterlik niks meer gehad nie. Kos, klere, ammunisie, perde, alles moes van die vyand gebuit word . . . en dit het nie altyd so maklik gegaan nie.

Die Pretoria-kommando onder kommandant Badenhorst was in Waterberg maar sy patrollies het gedurig in die bosse langs die Magaliesberg en tot naby Pretoria bedrywig gebly. Toe gebeur dit dat van die verkenners kom rapporteer dat die Engelse op 'n buitepos naby Onderstepoort 'n mooi klomp perde aanhou. "Ons moet 'n plan maak. Ons het die perde baie nodig", praat die manne onder mekaar en besluit om hul Kommandant te raadpleeg. Laastenoemde was nie baie ingenome met die plan nie. " 'n Gewaagde en uiters gevaarlike onderneming", het hy gesê. "Ek wil die verantwoordelikheid nie op my neem nie . . . Maar hoe lyk dit met vrywilligers . . .??"

Een van die eerste wat antwoord was Jopie Fourie. "Ek is klaar, Kommandant. Ons sal die perde gaan haal." Sommer gou was daar vyftien ander wat gewillig was om saam te gaan, Kowie een van hulle. Hy en Jopie het mekaar goed geken. Hulle plase was naby mekaar aan die voet van Magaliesberg en altwee het die wêreld om Pretoria op hul tien vingers geken.

By hul opgesaalde perde besluit die groepe Burgers eenparig dat Jopie Fourie die aanvoerder sou wees. Almal het hom as 'n waaghals geken wat in gevaar altyd op die voorpunt is.

Hulle het so gery dat toe dit mooi donker was hulle naby Onderstepoort agter die bergrantjies aankom. "Hier sal ons 'n paar uur moet skuil", praat Jopie. "Dis nog te vroeg om nader te gaan." Die buitepos was regoor aan die anderkant van die rantjie op die plaas van 'n ryk boer. Die mense het padgegee en die Engelse het besitgeneem van die huis.

Omtrent elfuur gee Jopie sy bevele. Eers word die perde tot in 'n klein holte gelei en daar vasgemaak. Daarna klim hulle versigtig tot bo-op die rant en kruip anderkant 'n ent af tussen die hoë gras en bossies.

"Wag julle nou hier", sê Jopie. "Ek sal eers gaan spioen. Bly doodstil lê totdat ek terug is." Daarna verdwyn hy in die duisternis. Ore gespits en senuwees gespanne wag die ander. Alles bly rustig. Waar die liggie te sien is staan die woonhuis en 'n klein entjie daarvandaan 'n lang gebou wat gedeeltelik die perdestal is. Kort daaragter is die veekraal.

"Halt! Who goes there!" bulder dit opeens naby die huis. Die manne vat hulle geweers vas, klaar om op te spring en te storm as dit nodig word. Maar daar sien hulle 'n paar perderuiters by die huis aankom. Engelse natuurlik. Dit was die wag wat geroep het. Gelukkig, hier is Jopie terug. Fluisterend vertel hy dat hy tot agter die kraal gekruip het. Die Engelse is in die huis maar die wag loop langsaam heen en weer van die huis tot voor die staldeur.

"Daardie een sal ons ongemerk moet vang", beduie Jopie. "Die oomblik wat hy ons gewaar moet julle op hom wees en hom oorrompel voordat hy kans



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kry om alarm te maak. Verstaan goed, dit moet doodstil en blitsvinnig gebeur. En onthou, niemand mag skiet nie want dan is dit klaar met ons" Dan maak hy sy plan verder duidelik: "By elke hoek van die kraal moet een van ons gaan staan om te waarsku as die vyand kom. Twee gaan die stal binne en sny die perde los terwyl twee ander hulle by die deur aanneem. Die ander kêrels moet klaar wees om te skiet . . . maar net as dit absoluut nodig word."

"In die begin gaan alles goed", vertel Kowie, "almal neem posisie in en 'n paar perde is reeds uit die stal. Dan . . . ja wat eintlik gebeur het kon niemand later verduidelik nie . . . dan val 'n skoot hier tussen ons. Een van ons kêrels het die wag doodgeskiet. En die volgende oomblik reën die koeëls uit die huis op ons. Ons val plat langs die stal en skiet dat dit klap om ons vriende by die stal kans te gee om die perde uit te kry. Maar die diere is nou so verskrik dat jy niks meer met hulle kan uitrig nie. Tussen gekraak van geweerskote hoor jy net perdepote klap soos die diere handuitruk en na alle kante wegspring. Eers kry twee van ons ligte wonde. Jopie Fourie staan op een knie en skiet. dan kry hy deur die ander knie 'n koeël wat die boonste gedeelte van sy been verbrysel. Nou moet ons padgee. Een van die kêrels pak Jopie aan 'n arm beet en sleep hom tot agter die kraalmuur. Almal probeer so vinnig as moontlik wegkom. " 'n Paar van ons moet agterbly en skiet totdat julle 'n ent weg is met die gewondes", stel ek voor. Hulle vind dit goed en drie van ons bly lê en skiet met tussenpose op die huis. Eindelik spring ons ook op en hardloop. Toe ons by Jopie kom dra vier man hom op twee geweers terwyl 'n vyfde sy been vashou. Die pyn met verskriklik wees want hy kerm onophoudelik en smeek dat ons hom maar moet doodskiet. Ek neem sy been en probeer dit so stil moontlik hou. Hy word dan ook rustiger en na ons nog 'n paar myl geloop het kom ons by ons perde. Daar het ons hom op 'n kombers gesit en sowat twee myl aangesukkel tot by 'n paar huisies waarin swart mense woon.

"Daardie nag sal ek nooit vergeet nie", vertel Kowie verder. "Ek het nog al die tyd Jopie se been vasgehou. En dit was ontsettend vermoeiend om so gebukkend agter die draers aan te loop. . ."

"Toe ons by die huisies kom wou Jopie daar bly. Die swart bewoners was baie simpatiek en een van hulle was gewillig om met 'n boodskap dorp toe te gaan. As die Engelse van die gewonde hoor sou hulle hom laat haal.

Ons het 'n bed op die vloer van een van die hutte gemaak en Jopie daarop neergelê. Voor ons weg is het hy nog eers al die briewe wat in sy sak was uitgehaal en aan my gegee om te vernietig.

Kort daarna het ons afskeid geneem en is ons weg, op pad na ons kommando om die droewige mislukking van ons sending te gaan rapporteer.".

Die Engelse het Jopie laat haal. In die militêre hospitaal in Pretoria wou hulle sy been afsit, maar hy het hardnekkig geweier om dit te laat doen. En sy been het gesond geword. So mooi het dit herstel dat hy – soos ons almal weet – in 1914 al weer offisier in die leër was.



*Hettie Cillie*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## MONUMENT UIT DIE NATURELLE-TRUSTGEBIED TE NOOITGEDACHT VERSKUIF NA WILDEBEESTHOEK, DE WILDT, PRETORIA

### KOMMDT. JOPIE FOURIE

gevang met 43 Burgers deur 'n oormag Unie troepe op 16 Desember 1914

Deur 'n veldkrygsraad op Pretoria ter dood veroordeel,
die vonnis hom bekend gemaak Saterdagaand om 10 uur, 19 Desember 1914

Doodgeskiet in Pretoria Sentrale Tronk
om 5 uur op Sondagmôre 20 Desember 1914.

Hy het sy lewe opgeoffer vir Volk en Vaderland.

**Rebelle saam met Jopie Fourie gevang te Nooitgedacht 16 Desember 1914**

Boshoff, H.W.
Botes S.F.
Botha W.J.
Broodryk G.F.
Coetzer W.G.
Delport P.
de Waal G.J.
De Wet D.J.
De Plessis I.S.
Eloff S.J.P.
Erasmus G.M.
Erasmus J.L.G.
Erasmus J.L.G.
Ferreira J.H.T.
Fourie J.P (broer)
Fourie J.J. (Jopie)
Fourie P.S.R.J.
Horn J.A.
Horn P.J.
Jooste M.G.
Kruger F.J.
Laage H.N.J.
Labuschagne G.D.P.
Marx D.H.
Minnaar P.G.
Minnaar R.J.
Minnaar R.J.

Naude S.J.
Pretorius D.J.
Pretorius M.W.
Snyman G.J.G.
Upton W.J.
v.d. Merwe P.J.
van de Venter G
Prinsloo P.W.
Prinsloo S.J.L.
Prinsloo S.L.
Prinsloo S.L.
Roux J.W.
Schoeman A.S.
v.d. Venter G.J.
Vermaak J.P.
Vermaak S.J.
Watson G.J.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## GESLAGSREGISTER VAN JOPIE FOURIE

Louis Fourié, Franse Vlugteling. Aankoms 1688. Oorlede 1750.
Hy het boer geword in die Wagenmakersvallei en in 1699 besit hy daar die plaas "Slange Rivier", waarop hy tot sy dood gewoon het. Hy het ook nog die plaas, "Zeekoedrift" aan die Gouritzrivier besit.

Gehuud Anna Jordaan (gebore) 30.12.1699, dogter van Pierre Jordaan

b 19 Joseph Johannes Fourie gedoop 2.3.1732, burger Swellendam
oorlede 14.4.1811
gehuud Elsie van Eeden

c5 Josef Johannes Fourie gedoop 7.5. 1769, burger Swellendam
gehuud 30.10.1791 Esther Swanepoel

d2 Joseph Johannes Fourie gebore 15.11.1794 gedoop 5.4.1795
oorlede 5.6.1882
gehuud Maria Elizabeth van Eden 21.4.1801–22.12.1888
(Voortrekkers– begrawe Wildebeesthoek, de Wildt, Pretoria)

e Joseph Johannes Fourie 6.10.1823 – 10.1.1920
gehuud Catharina Elizabeth Botha (31.7.1827 – 15.9.1904)

f. Joseph Johannes Fourie 4.6.1851–23.2.1928
gehuud Anna Sophia Margaretha Pretorius 16.7.1858–12.1.1926

g. Joseph Johannes Fourie (Jopie)
gebore 27.8.1878
oorlede 20.12.1914
gehuud Susanna Elizabeth Carolina Engelmohr, gebore 1880, oorlede 26 Maart 1952, dogter van Carl en Susanna Engelmohr woonagtig Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services